

Sondag 17 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:12
– 2:4

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs
1:12

Ons optrede moet getuig van die genade van God

Om mekaar werklik te vertrou, is nie altyd maklik nie. Hoe dikwels sien ons nie wantroue in die kerk van die Here nie? Ons wonder soms: Hoekom sou die kerkraad hierdie besluit geneem het? Wat het die dominee nou eintlik met daardie woorde aan my bedoel? Gaan daardie lidmaat doen wat hy gesê het of gaan hy maar weer net iets anders doen? Daardie selfde wantroue het die Korintiërs ook teenoor Paulus gehad.

Wanneer Paulus nou die gemeente op hulle wantroue teenoor hom antwoord, bring hy hulle dadelik voor God se genadetroon. In die besluite wat hy op sy reise moes neem, kon hy homself nie maar net laat lei deur die Korintiërs se verwagtinge en sy eie begeertes nie. Hy moes homself stel voor God se wil, want hy staan eerstens verantwoordbaar voor die Here wat ons hart en verstand ken. Nie ons eie vleeslike wysheid nie, maar God se genade waarmee Hy die gemeente wil opbou, bepaal ons optrede teenoor die gemeente.

Met die uitdrukkings “reinheid van God” en “genade van God” bring Paulus ons dus by die Woord, waardeur die Here ons optrede bepaal. Dis juis in God se Woord waar ons leer hoe om rein voor Hom te leef. Dis in sy Woord waar ons sy genade in Christus leer ken. Dis deur sy Woord wat die Heilige Gees ons gedagtes rig op ons Here, sodat sy waarheid ons gedagtes, ons optredes, ons beweegredes bepaal. Die Gees lei ons dan so dat ons optrede teenoor mekaar nie God se genade afbreek nie, maar dit juis laat skitter.

Hoe kan ons as kerk van die Here mekaar vertrou? Ons kan mekaar vertrou as ons optrede nie getuig van menslike wysheid nie, maar van God se wysheid en genade in Christus. Laat ons dus met 'n goeie gewete teenoor mekaar optree, omdat ons biddend vanuit God se Woord leef tot sy eer en tot die opbou van sy kerk.

Sing: Psalm 40-1:4, 5

Ds. PR Gouws (Retief) (Dendron/Magalakwin)